Here, dink aan u Kerk,
wat dwarsoor die wêreld versprei is,
volmaak haar in die liefde,
saam met *N.*, ons pous en *N.*, ons biskop
en almal wat u altaar bedien. *

*EIE VORME VIR RITUELE VIERINGE WORD HIER BYGEVOEG

---

IN MISSE VIR DIE OORLEDENES MAG DIE VOLGENDE BYGEVOEG WORD:

Dink aan u dienaar [dienares] *N.*,
wat U [vandag] uit hierdie wêreld
na U toe geroep het.
Verleen dat hy [sy] wat een was met u Seun,
in ‘n dood soos Syne, ook één met Hom in sy Opstanding mag wees.

---

DIE SELEBRANT OF ’N MEDE-SELEBRANT

Dink ook aan ons ontslape broers en susters,
wat in die hoop op die opstanding rus,
en aan almal wat in u barmhartigheid gesterf het:
Verwelkom hulle in die lig van u aangesig.

Ons bid U: Ontferm U oor ons almal,
sodat ons saam met die Geseënde Maagd Maria, Moeder van God,
salige Josef, haar Eggenoot, die salige Apostels en al die Heiliges,
wat deur die eeue heen U behaag het,
verdienstelik bevind mag word om as mede-erfgename
van die ewige lewe, U te loof en te verheerlik

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR:

deur u Seun, Jesus Christus.

DIE SELEBRANT ALLEEN OF MET ALLE MEDE-SELEBRANTE

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe

